26 Aug
Uitgawe 2009/08/26

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, O Jakob, en jou Vormer, O Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! (**Jes.43:1**). God het ons elkeen geroep om die doel wat Hy vir ons lewens het uit te leef. Hy het die doel in Sy hart gehad toe Hy ons geskape het. Ons kan soms voel dat ons nie kwalifiseer nie of ons voel onwaardig, maar God het ons goedgekeur selfs voor ons enige van ons dae begin uitleef het. (**Jer.1:5**). Ons word deur God aanvaar (**Ef.1:4-6**). ***Vader, openbaar asseblief U doel vir ons lewens en help ons om U Woord te glo wat U oor ons lewens gespreek het. Help ons om die aanbidding aan U te offer wat U waardig is om te ontvang en om te heers op die aarde soos U dit ingestel het van die begin af.***

Deurbraak : Geen behoefte is te klein of groot vir God nie

Een aand aan die noordoostelike punt van Bolivia, in Guayamerin, het 'n jong moeder 'n droom gehad. Sy het gesien hoe 'n mediese span in haar dorpie aandoen per boot en haar ongeneeslike kind red. Sy was die volgende oggend verbaas toe 'n boot wel by hul dorpie aangedoen het. Aan boord was Belgiese dokters, Rik en Sabine Celie wat sendingwerk doen in Bolivia. Hulle het op 'n 'spontane' wyse vir die eerste keer hierdie dorpie besoek. Die jong moeder het hulle gevra om haar kind te besoek. Rik en Sabine kon die kind van medisyne voorsien en die kind het ten volle herstel. Die paartjie ondervind gereeld ontmoetings soos hierdie. Hulle probeer om te alle tye oop te wees vir God se stem en aanpasbaar te bly wanneer hulle reis. God het hul gelei na hierdie spesifieke boot wat letterlik net gewag het dat 'n dokter ook aan boord moet wees. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 21/08/09). ***Prys God dat Hy Sy weë aan ons bekend maak deur visioene en drome*** (**Num.12:6**). ***Bid dat Gelowiges altyd in 'n noue verhouding met God sal wandel en dat hulle ag sal gee op Sy stem.***

Bid vir jou gemeenskap : Maak God se krag bekend

'Vandag het ek in die 24-7 *Boiler Room* gestaan in Guildford, Engeland. 'n Gemengde groep van vriende en vreemdelinge het saamgekom om te bid. Een stem was 'n bietjie verhef bo die ander en het die Heilige Gees gesmeek…"Kom vul ons sodat ons sal uitlek orals waar ons mag gaan…" (E-pos: rewind@24-7prayer.com, 21/08/09). Wat is jou gebed vir jou gemeenskap? Smeek jy ook die Heilige Gees om jou te vul en deur jou te vloei sodat jy 'n impak kan maak orals waar jy gaan? ***Vra God om jou te lei elke keer as jy vir jou gemeenskap bid. Bid dat Gelowiges wat met die Gees gevul is sal uitroep vir God se teenwoordigheid om 'n impak te maak in elke area van hul lewens.***

Suid-Afrika : Nasionale Onderwyserskonferensie

'n Nasionale onderwyserskonferensie word beplan in Bloemfontein van 24 tot 27 September 2009. Die organiseerders vertrou die Here vir 400 tot 600 onderwysers uit alle gemeenskappe en veral uit staatskole. Dit is tyd dat Christene in die onderwys saamstaan en gemobiliseer word om weer hul Godgegewe mandaat in die opvoeding van die volgende geslag op te neem. Vir verdere inligting stuur asseblief 'n e-pos aan bloeminfo@fce.org.za. (E-pos: admin1@fce.org.za, 07/08/09). ***Bid asseblief die volgende skrifgedeelte gedurende die volgende paar weke en tydens die konferensie: Die een geslag prys u werke by die ander, en hulle verkondig u magtige dade.*** (**Ps.145:4**). ***Bid dat onderwysers van alle gemeenskappe sal registreer. Vra God om 'n honger in die hart van elke onderwyser te plaas om God se doel uit te leef en dat hulle hulself beskibaar sal stel om deur God gebruik te word om 'n impak te maak op hierdie generasie.***

*Internasionaal : R*madan*

Daar word dikwels gesê dat dit moeilik is om Moslems met die evangelie te bereik en natuurlik bied godsdienstige, kulturele en geestelike verskille uitdagings. Dit is egter nie onmoontlik nie, omdat niks vir God onmoontlik is nie (**Matt.19:26**). Geloof in Christus is belangrik, maar is ek ook lief vir Moslems? Wat is my reaksie as ek 'n Moslem ontmoet, wanneer ek hul op televisie sien? Hoe sal ek reageer as 'n man in Moslemdrag by my kerk instap? (E-pos: pray@30-days.net, 21/08/09). ***Wees eerlik met God oor jou antwoorde op hierdie vrae. Bid soos God jou lei. Indien dit gepas is, bid vir jouself en /of ander Gelowiges regoor die wêreld wat sukkel met hul houding, idees en handeling teenoor Moslems.*** (**Matt.19:26, Jer.32:27, Rom.12:1-2**).

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com